

Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 01 van 2021

03 Januarie 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Moenie ontmoediging versprei nie

Ontmoediging het veroorsaak dat die Israeliete aan God se belofte begin twyfel het, hulle drome opgegee het en in die wildernis gesterf het. Ironies genoeg was hulle net 'n paar dae se reis van die Beloofde Land af! Hoe het dit gebeur?

Nadat hulle veertig dae in Kananan was 'n land vol sulke oorfloed dat dit twee manne geverg het om een tros druive te dra, bestee het, het tien van die twaalf verkenner teruggekome en gesê: '...Ons durf nie teen hulle optrek nie. Hulle is sterker as ons.' Hulle het toe 'n gerug begin versprei oor die land wat hulle gaan verken het...' (verse 31-32 NLV).

Sal jy graag wil weet hoe God oor mense wat sulke ontmoediging versprei voel? 'Die tien mans... wat teruggekome het en die gemeenskap teen God opgemaak het met die slegte gerug wat hulle oor die land versprei het, het gesterf vanweë 'n plaag wat die Here gestuur het' (Numeri 14:36-38 NLV).

Wat van jou? Wanneer jy sien dat ander mense voor negatiewe situasies te staan kom, spreek jy jou twyfel oor hulle vermoë om sukses te behaal uit? Kan jy na iemand se planne luister sonder om teleurstellende opmerkings te maak? Dink aan al die mense wat jou gedurende jou leeftyd al moed ingepaat het! In 'n wêreld wat deur negatiewe en slegte nuus geteister word, het almal 'n bietjie bemoediging van tyd tot tyd nodig.

Maak dus 'n bewustelike poging om opregte woorde van bevestiging, ondersteuning en inspirasie teenoor die mense in jou sirkel van invloed te spreek. Wanneer jy 'n ontmoediger teëkom, moenie toelaat dat hulle jou van stryk bring nie. Herinner jouself en hulle dat God '...mag het om... oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra' (Efesiërs 3:20 NLV). Omdat Hy kan!

deur Bob & Debby Gass

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Peet Els vir volle herstel
- *Bid vir Johan Dettmann volle herstel
- *Bid vir Jan-Harem Pretorius vir volle herstel
- *Bid vir Gerhard Dewinnaar-bid vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets – vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HER
- *Bid vir Gerda Nel, sy ernstig siek. Bid asb vir volle genesing

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Gedagte vir 2021



Liewe Gemeentelede,

As daar vandag en in die nuwe jaar wat voorlê ons enige iets vir jou kan gee sou dit **stilte** in jou hart wees en die **vrede** van GOD wat heers sodat jy dit wat op jou pad mag kom met **kalnte** en **geloof** kan hanteer.

Voorspoedige

Deon, Antjie & Fritz



Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.